

PAARL - SKOOL

NUUSBRIEF 3/2026

Ek het in Augustusmaand ‘n damesoggend bygewoon waar die spreker verduidelik het watter sorg blomme in ‘n vaas moet kry. Dit het my laat dink aan Paarl-skool se kinders…

Net soos blomme in 'n vaas vars water, voeding, sonlig, 'n skoon omgewing en spesiale sorg nodig het om te bly blom, benodig ons kinders die regte toestande om te floreer. Hulle benodig liefde en aanmoediging om hul harte te voed, leiding om hulle te help groei, geleenthede om hul talente te laat skyn, en 'n veilige en sorgsame omgewing waarin hulle kan ontwikkel.

En net soos elke blom anders blom, het elke kind hul eie unieke reis, gawes, groeitempo en selfs uitdagings. In hierdie nuusbrief sal u sien dat Paarl-skool poog om die sorg en geleenthede te bied wat bydra dat elke kind pragtig kan blom.

Ek salueer elke personeellid van Paarl-skool. Net soos 'n tuin toegewyde tuiniers nodig het, het ons kinders omgee-onderwysers, terapeute, ondersteuningspersoneel, ouers en die breër skoolgemeenskap nodig om hulle te koester, hul groei aan te moedig en hulle te help om hul sterk punte te ontdek. In hierdie nuusbrief sien u duidelik elke “tuinier” se hand.

En wat 'n pragtige tuin het ons hierdie kwartaal gesien!

- Ons het met trots ‘n nuwe Mnr. en Mej. Paarl-skool gekroon uit ‘n pragtige groep finaliste wat ons skool met selfvertroue, karakter en entoesiasme verteenwoordig het;
- Ons leerders het ook hul talente deur hul Eisteddfod-optrede ten toon gestel;
- Seth Brown het 'n indrukwekkende 3de plek by die INKAL Nasionale Jong Historikus Openbare Redenaarskompetisie in Pretoria behaal; en
- Ons leerders het ook aangehou floreer deur hul sportprestasies, in groepsverband maar ook individueel.

'n Blom vergelyk homself nie met die blom langsaan nie. Dit groei eenvoudig, een dag op 'n slag, en word die beste weergawe van wat dit geskep is om te wees. Ons is baie trots op élke blom in ons Paarl-skool se tuin!

Ek sluit af met die volgende aanhaling:

Every child is a different kind of flower, and all together, they make this world a beautiful garden. (Anoniem)

Lente-groete,

Annaline Norman

Prefekte

Hoofleiers TROTS op julle!

DERDE KWARTAAL



Marlè Nieuwoudt



Luke Adams

Kwartaal 3 het weereens bewys hoe groot ons prefekte se omgee-harte is. Onder die bekwame leiding van ons hoofleiers vir die kwartaal, Marlè Nieuwoudt en Luke Adams, het die leierspan met groot entoesiasme na ander uitgereik.

Op Loslitdag het die prefekte die kleintjies in die Voorskoolse Fase bederf. Hulle het 'n oulike poppekas geskryf en opgevoer, waarna hulle lekker saam met die jongspan op die speelgrond baljaar het. Die opwinding en glimlagte op die kleintjies se gesiggies was kosbaar.

Op 18 September het die Jan-Krielmatrieks wat voorheen in Paarl-skool was, die skool kom besoek. Die prefekte het die reëlings agter die skerms gedryf om te verseker dat al die voorbereidings in plek is. Die leerders het dit vreeslik baie geniet om oudonderwysers en vriende te sien. Paarl-skool wens julle sterkte toe met die finale eksamen. Ons is trots op hoe ver julle reeds gekom het. **Baie dankie aan ons prefekte vir julle voorbeeldige leierskap!**

Waarde van die kwartaal

By Paarl-skool fokus ons gedurende die derde kwartaal op die waarde van omgee. Omgee is belangrik omdat dit mense nader aan mekaar bring, vertroue bou en sterk vriendskappe en verhoudings vorm. Dit help ook dat almal emosioneel ondersteun voel en dat hulle weet hulle hoort êrens. Wanneer ons omgee, leer ons om meer geduldig, empaties en verantwoordelik te wees. Dit maak ons gelukkiger, gee ons 'n doel en laat ons, en die mense vir wie ons omgee, beter voel.










Paarl-skool verjaar

Op 18 Julie 2026 het Paarl-skool 48 jaar oud geword. Ons het 48 jaar van omgee, groei en geleenthede vir ons besondere leerders gevier.
Vir 48 jaar lank skep Paarl-skool geleenthede, inspireer hoop en verander lewens. Ons vier nog vele jare waarin ons 'n verskil kan maak. **Veels geluk met jou verjaardag, Paarl-skool!**









Landsdiens

Hierdie kwartaal het ons lede verskeie prettige en betekenisvolle aktiwiteite aangepak.

Die Landsdiens-leerders het tydens Internasionale Inkleurdag geleer dat inkleur ook terapeutiese waarde kan hê. Elke lid het sy of haar eie inkleurboekie ontvang, waarmee hulle heerlik kon ontspan, hul kreatiwiteit kon uitleef en die vreugde van inkleur kon ervaar.


Ons sluit die kwartaal af met ons Erfenisdagvieringe, waar ons saam 'n bietjie gaan braai.



Biblioteek







Die derde kwartaal was ‘n besige, maar spesiale kwartaal vir die biblioteek.

In Augustus het ons vir die eerste keer Vrouemaand gevier met die tema “Droom, Inspireer, Onthou en Vier.” Ons hoop om dit ‘n tradisie te maak deur dit jaarliks in Augustus te herhaal.

Ons het ook ons jaarlikse voorraadopname voltooi en sien baie uit daarna om al ons nuwe boeke volgende kwartaal met die leerders te deel. ’n Groot dankie aan ons Grondslagfase-klasassistente vir hul wonderlike hulp!

Ons het boonop ’n rustige Boekeweek gehou, waartydens onderwysers die liefde vir lees in hul klasse gevier het. Ná ’n besige kwartaal was dit die perfekte manier om af te sluit – rustig, met ’n goeie boek!

Droom: Elke jong meisie het ‘n droom.

Inspireer: Vroue wat ons inspireer.

Onthou: Historiese vroue wat ‘n verskil gemaak het.

Vier: Die alledaagse helde.





021-9818787
TROO-FIT
Fitment you can trust
REPAIRS TO MOST MAKE & MODEL VEHICLES
www.troofit.co.za
RMI
miwa



Loslitdag

Op Vrydag, 4 September, het Paarl-skool behoorlik lewe gekry toe ons Loslitdag gevier het met die inspirerende tema **“Beat as One”**.

Ons leerders is bederf met dromspeel-sessies, danksy Back2Basics, wat die ritme na ons skool toe gebring het. Die dag is gevul met musiek, lag en groot entoesiasme, terwyl ons leerders die geleentheid gekry het om nuwe vaardighede aan te leer en die vreugde van musiekmaak te ervaar.

’n Hartlike dank aan die Brackenfell SAPD, wat aan elke leerder ’n heerlike vetkoek voorsien het, asook aan SJC Sekuriteit vir die koeldranke.

Baie dankie aan almal wat bygedra het om hierdie dag so ’n groot sukses te maak!









Mnr. en Mej. Paarl-skool

Mnr. en Mej. Paarl-skool 2026 het vanjaar behoorlik geskitter met ’n glansryke aand vol styl, selfvertroue en natuurlik ’n hele paar groot glimlagte! Met die tema “**Into the Future**” is ons herinner aan die ongelooflike potensiaal en blink toekoms wat vir elke leerder wag.

Die aand het leerders die kans gegee om hul unieke persoonlikhede te wys, nuwe vaardighede aan te leer en met trots voor hul skoolmaats te skitter.

Die aand was soveel meer as net mooi uitrustings en ’n spoggerige verhoog. Dit was ’n viering van die geleenthede wat deur Paarl-skool geskep word. Elke leerder was so dapper en het werklik ‘n kans gekry om uit hul gemaksone te tree.

Baie geluk aan **Kendahl Benting** wat as Mej. Paarl-skool 2026 aangewys is, terwyl **William Pienaar** die titel van Mnr. Paarl-skool 2026 verower het.

Ons is ongelooflik trots op al ons deelnemers. Julle het gewys dat die toekoms inderdaad aan ons almal behoort!



Kultuur

INKAL

Seth Brown behaal 3de plek by INKAL!

Ons is ongelooflik trots op Seth wat 'n uitstekende 3de plek in die Jong Historikus–LSOB-kategorie (Leerders met spesiale onderwys behoeftes) by die gesogte *iNkosi Albert Luthuli Oral History Programme* (INKAL) behaal het.

INKAL is 'n nasionale kompetisie wat leerders aanmoedig om Suid-Afrika se geskiedenis deur navorsing, storievertelling en openbare redevoering te ontdek en te deel.

Seth se prestasie is 'n besondere bewys van sy toewyding, selfvertroue en passie vir geskiedenis. Ons is baie trots op hom omdat hy ons skool met soveel onderskeiding verteenwoordig het!

Baie geluk, Seth! Jou stem en jou storie maak 'n verskil!



Koor

ONS KOOR SKITTER OP DIE NASIONALE VERHOOG

Wat 'n ongelooflike kwartaal was dit nie vir ons skoolkoor nie! Ons koor het hierdie kwartaal die besondere eer gehad om Wes-Kaap by die Nasionale SASCE-koorkompetisie in Pretoria te verteenwoordig. Die koor het in die LSOB-afdeling deelgeneem en teen van die beste spesiale onderwysskole in die land meegeding.

Om op 'n nasionale verhoog te staan en ons provinsie te verteenwoordig, was 'n besondere prestasie. Ons leerders het nie net hul musikale talent ten toon gestel nie, maar ook hul toewyding, selfvertroue, deursettingsvermoë en liefde vir musiek. Maar die sang het nie in Pretoria geëindig nie!

Ons koor het ook aan die Paarl Vallei Eisteddfod deelgeneem, waar hulle 'n Goud-toekenning behaal het! Hierdie prestasie is besonder spesiaal omdat die Eisteddfod teen leerders van hoofstroomskole plaasvind. Ons koor het weereens bewys dat ons leerders oor ongelooflike talent en potensiaal beskik.






Van die nasionale verhoog in Pretoria tot die Eisteddfod-verhoog het ons leerders gewys dat musiek geen grense of hindernisse ken nie. Hulle stemme, passie en harde werk inspireer ons elke dag.

Ons is ongelooflik trots op elke koorlid, asook op die personeel en ouers wat hulle deurentyd ondersteun.

Baie geluk, Koor! Julle het ons skool en die Wes-Kaap trots gemaak. Hou aan sing, hou aan droom en hou aan om vir die wêreld te wys waartoe julle in staat is!

Paarl Vallei Eisteddfod

Van ons leerders het by die Paarl Vallei Eisteddfod gaan deelneem in onder andere: gedigte, onvoorbereide lees en sang. Hulle het omtrent geskitter en Paarl-skool het 7 Cum Laude, 2 Goud+, 7 Goud en 7 Silwer+ toekennings behaal. Ons is vreeslik trots op julle en sien die waagmoed en genot wat julle uit jul optredes put!





Sport Hoogtepunte

Landloop

'n Seisoen om te onthou

Wat 'n suksesvolle landloopseisoen! Baie dankie aan al ons atlete vir hul harde werk, toewyding, moed en deursettingsvermoë gedurende die seisoen. Ons atlete het werklik verwagtinge oortref en ongelooflike toewyding en vasberadenheid getoon. Baie geluk aan al ons atlete wat vir die Noordelike Sone-span gekies is.





'n Spesiale gelukwensing aan Megan de Jager, Zoë Ball en Arlynn Conradie, wat vir die Cape Metro-span gekwalifiseer het en op 12 September 2026 aan die Wes-Kaapse Kampioenskappe in Riversdal deelgeneem het.

- **Megan de Jager**: 4000m o/15 – 4de plek
- **Zoë Ball**: 4000m o/15 – BRONS
- **Arlynn Conradie**: 4000m o/14 – SILWER

Ons is baie trots op hulle en hoop dat hulle hierdie besondere geleentheid ten volle geniet het. Baie geluk met julle deelname, en dankie dat julle die Paarl-skoolnaam met trots verteenwoordig het!

Netbal

Wat 'n netbalseisoen!

Vier wedstryde, vier oorwinnings – **onoorwonne**! Ons netbalspan het teen Jan Kriel-skool, Highbury, Junior Campus en Dominican Skool vir die Dowes gespeel. Hulle het uitstekende sportmangees, dissipline en spanwerk getoon en deur die seisoen as 'n span gegroei. Ons is baie trots op hulle!





Skaak



Dit was 'n lekker en besige kwartaal vir ons skaakspan! Ons leerders het met entoesiasme aan die Jan Kriel-sportdag deelgeneem en ook hul skaakvaardighede tydens verskeie ligawedstryde getoet. Elke wedstryd was 'n geleentheid om te leer, te verbeter en die spel te geniet! Ons is baie trots op die groei wat die leerders hierdie kwartaal getoon het.



Sokker

'n Termyn van Sokker – Doele, Durf en Glorie!

Wat 'n termyn was dit vir sokker! Ons o/12-, o/14- en o/16-spanne het elkeen 'n heel ander pad hierdie seisoen gestap, maar al drie spanne het ons genoeg gegee om oor te juig!

Ons o/12's het ongelukkig nooit die kans gekry om 'n ligawedstryd te speel nie, maar dit het hulle beslis nie gekeer om hard te oefen nie! Onder die wakende oog van Tiana van Schalkwyk het die span hard gewerk, nuwe vaardighede aangeleer en geweldig verbeter. Die hoogtepunt was hul deelname aan die Jan Kriel-toernooi, waar hulle uitstekend gespeel het en, die belangrikste van alles, dit baie geniet het. Geen ligawedstryde nie, maar baie skoppe, lag en vordering!





Die o/14's het intussen blykbaar die geheime resep vir sukses ontdek! Hulle het 'n fantastiese seisoen gehad en is as ligakampioene gekroon. Die span het met trots die trofee gelig, tot groot vreugde van hul afrigter, Sheldon Cummins, wat ongelooflik trots is op hul prestasie. Al daardie rondhardloop het uiteindelik vrugte afgewerp!

Ons o/16's se pad was 'n bietjie meer vol hobbels. Hulle het vroeg in die seisoen gesukkel om hul voete te vind, maar toe die eindfluitjie wil-wil blaas, het hulle begin tande wys! Hul vertonings het verbeter, hul selfvertroue het gegroei en hulle het die seisoen met baie veggees en vasberadenheid afgesluit.



'n Groot gelukwensing aan al ons spelers en afrigters. Of hulle nou trofeë gejaag het, die bal gejaag het of soms mekaar moes jaag om weer in posisie te kom, het ons sokkerspanne hard gewerk en die skool met trots verteenwoordig.
Op nog doele, nog oorwinnings en hopelik minder modderige sokkerstewels volgende seisoen!





Rolstoelbasketbal

Ons rolstoelbasketbalspan het teen Carpe Diem van George by Astra Spesiale Skool gespeel. Dit was ons eerste wedstryd en ons het baie geleer.

Parafietsry

Ons is vreeslik trots op Charl Joubert wat gekies is vir die Suid-Afrikaanse parafietsry-span wat September in Oudtshoorn gaan deelneem.



NU GENERATION HOMES
EST. 2018

Looking for an estate agent who puts your needs first and saves you money?

Over the past year, I've helped my clients save over R1 million in commission with our fixed fee structure.

Better service. Better results. Put me to the test.

> *He is exceptionally professional and knowledgeable, but what I value most is his honesty and integrity.*
>
> **- Rachelle Booysen**

> *Hy was by verre die eerlikste en opregste persoon waarmee ek al gewerk het.*
>
> **- Dawid Norris**

> *He is a professional of real integrity - transparent, approachable and genuinly committed.*
>
> **- Keenan Thielman**

> *He made what can be a stressful experience feel easy and effortless.*
>
> **- Nic Best**



GARTH HEWITT

084 400 4757

garth@nugenerationhomes.co.za

Nuus uit die fases

Voorskoolse Fase







Ons wil graag vir Chané van Eyssen 'n rustige en spesiale tyd toewens terwyl sy met kraamverlof is en wag op die geboorte van haar kosbare baba.
Intussen verwelkom ons Henda van Schalkwyk hartlik in ons fase!
Leer is altyd lekkerder wanneer daar melkskommels betrokke is! Tydens ons Arbeidsgroepie het die leerders die geleentheid gekry om hul eie melkskommels te maak. Hulle het elke oomblik geniet – van die voorbereiding tot die lekker proe! Dit was 'n prettige, praktiese leerervaring waar die leerders sommer terselfdertyd baie vaardighede kon oefen.
Die leerders gaan die geleentheid kry om meer oor ons diverse Suid-Afrikaanse erfenis te leer met ons Erfenisdagviering.
Ons is verder baie trots op al die pragtige kunswerke wat vir die Eisteddfod ingedien is.
Die leerders sien uit na 'n welverdiende vakansie!

Grondslag-fase



Ons groet Elana Carstens ná tien jaar van toegewyde diens aan Paarl-skool. Ons is dankbaar vir die liefde, passie en bydrae wat sy tot Paarl-skool gelewer het. Ons vertrou dat hierdie nuwe fase van haar lewe vir haar vreugde en mooi oomblikke sal bring.



Baie geluk aan ons graad 3E klasassitent, Jacky Fourie en haar gesin met die geboorte van hul derde dogtertjie, Simonque. Mag hierdie nuwe hoofstuk gevul wees met baie liefde, en kosbare oomblikke.

Ons verwelkom vir Cheryllee Africa, wat tot Desember by graad 3E sal aflos totdat Jacky Fourie weer na haar pos terugkeer. Ons wens haar 'n baie aangename tyd saam met die leerders toe en vertrou dat sy haar nuwe rol sal geniet.



Die Grondslagfase-leerders het die geleentheid gehad om die Kunstekaapteater te besoek. Dit was 'n dag vol opgewondenheid en 'n besondere belewenis wat hulle nog lank sal onthou. Ons is dankbaar vir die geleentheid om leer ook buite die klaskamer te laat plaasvind.



Die opvoeders het 'n Six Bricks-opleidingsessie bygewoon. Dit is 'n kreatiewe benadering tot leer en ons is opgewonde om dit in ons klaskamers toe te pas.



Funksionele Fase







Ons Funksionele Fase-leerders maak ons steeds baie trots terwyl hulle saam leer, deelneem, groei en pret het!

Hierdie kwartaal het ons leerders TIPS-klasse geniet, waar hulle hul taal- en kommunikasievaardighede ontwikkel, selfvertroue gebou en geleer het om hulself uit te druk.

Ons nuwe inklusiewe speelterrein is ’n wonderlike hoogtepunt! Die leerders geniet die rolstoelvriendelike swaaie, sandput, basketbalhoepels en swaaibal, terwyl hulle hul fisiese-, sosiale- en spanvaardighede ontwikkel.

Tydens netheidsinspeksiedae is ons leerders trots daarop om netjies en goed versorg te wees. Hulle ontwikkel terselfdertyd waardevolle selfversorgings-en onafhanklikheidsvaardighede.

Ons glo dat elke leerder uniek, bekwaam en vol potensiaal is. Ons werk hard, leer by mekaar en vier elke leerder se individuele vordering, terwyl ons vaardighede, selfvertroue, onafhanklikheid, vriendskappe en ’n gevoel van behoort ontwikkel.

Elke tree tel. Elke prestasie is belangrik. Elke leerder kan skitter!

Saam leer ons. Saam groei ons. Saam skitter ons!

Intermediêre Fase

Uit die vele interessante en opwindende dinge wat hierdie kwartaal in die Intermediêre Fase plaasgevind het, was ons Loopbaanuitstalling beslis ’n hoogtepunt!

Die uitstalling het die leerders ‘n geleentheid gegee om op ’n prettige en interaktiewe manier kennis te maak met verskillende loopbane. Daar was iets vir elke belangstelling en talent.







Ons het uitstallers uit verskeie beroepsvelde verwelkom, waaronder Shift Netball en Ruggakids, Argitektuur en Ontwerp, ‘n Toep-ontwerper, Inligtingstegnologie-ontwerper, Paint4Fun, Pretpakkie – ‘n modeontwerper, Tandheelkunde, Vroeëkinderontwikkeling, SOUL Barista en Brackenfell Kwekery.

Die leerders kon vrae vra, nuwe vaardighede ontdek en eerstehands ervaar wat sommige beroepe behels. Hierdie uitstalling het hulle geïnspireer om oor hul belangstellings, talente en toekomstige loopbane te droom. Dalk het toekomstige argitekte, ontwerpers, tandartse en entrepreneurs hier hul eerste inspirasie gevind.

Ons Kwartaal 3 was propvol energie en kreatiwiteit!

Senior Fase

Ons Senior Fase-leerders het hul sakevernuf ten toon gestel tydens 'n suksesvolle entrepreneursdag vol kleurvolle stalletjies en heerlike eetgoed.

Die pret het voortgeduur met ons jaarlikse lentedans, waar die leerders die nuwe seisoen in styl verwelkom het.

Gedurende die tegnologie-periodes het die leerders hul praktiese vaardighede ingespan en indrukwekkende projekte aanmekaargesit.







Werks-voorbereiding

Wintersdae is sinoniem met pannekoek! Hierdie jaar se pannekoekdag het vlot verloop. Terwyl die gange van die Funksionele Fase heerlik na pannekoek geruik het, het opvoeders en ouers gesorg dat Paarl-skool se leerders met vars, warm pannekoeke bederf word.

Die leerders in die Werksvoorbereidingsklasse maak daagliks baie oulike en kreatiewe produkte as deel van die kurrikulum. Hierdie jaar het ons senior leerders hulle produkte tydens ons eerste Werksvoorbereiding-entrepreneursdag ten toon gestel. Die maats in die ander fases en ons personeel was verras deur die pragtige items wat te koop aangebied is.

Baie dankie aan almal vir julle ondersteuning.









Emosionele Versorging

Op 21 Augustus 2026 het ons jaarlikse *Sorg vir die Versorgers*-funksie plaasgevind. Hierdie spesiale geleentheid bied ons die kans om vir ons klasassistente, fasiliteerders en koshuispersoneel te wys hoeveel ons hulle waardeer.

Die tema van die oggend was "**Denim en Diamante**", en Lizelle De Bruin, RSG-aanbieder en mediapersoonlikheid, het ons geïnspireer met haar betekenisvolle boodskap: "Nul is nie niks nie."

Aan elke persoon wat elke dag met soveel geduld, vriendelikheid en toewyding na ons leerders omsien en hulle ondersteun: baie dankie vir al julle harde werk, omgee en ondersteuning.

Ons waardeer julle. Ons is dankbaar vir wat julle doen. Ons sien julle raak!





Professionele Ontwikkeling

Ons is baie dankbaar vir die professionele persone wat hul kennis, tyd en kundigheid met ons personeel deel.





Melinda Wiese, skolemaatskaplike werker van die Metro-Oos Onderwysdistrik, het die koshuispersoneel opgelei in die Stop Misbruik-beleid.

Verpleegkundige Erika Geldenhuys het ons assistent personeel opgelei in beroepsveiligheid binne die skoolomgewing.

Ons waardeer julle insette en die verskil wat julle kennis en kundigheid maak!



Ondersteuningspan

Paarl-skool se Ondersteuningspan reik uit

Paarl-skool se Ondersteuningspan was die afgelope kwartaal by verskeie uitreike betrokke.

Die Spraak-, Arbeids- en Fisioterapie-afdelings het Watsonia Primêr verskeie kere besoek om ondersteuning aan die graad R-leerders en opvoeders te bied.

Die fisioterapeute het verskeie grootmotoriese aktiwiteite vir die leerders aangebied, terwyl die spraakterapeute gehoorsiftingstoetse gedoen en aanbevelings gemaak het. Die arbeids- en fisioterapeute het ook 'n "Leer deur Speel"-sessie vir die leerders aangebied.
Die leerders, onderwysers én terapeute het die sessies terdeë geniet!

Ons terapeute het ook, na aanleiding van behoeftes wat deur Metro-Oos Onderwysdistrik en ons Inklusiewe Onderwys-span aangemeld is, aanbevelings gemaak vir die ondersteuning van leerders in hoofstroomskole.

Deur hierdie uitreike poog Paarl-skool se Ondersteuningspan om kennis, vaardighede en ondersteuning met ander skole te deel en sodoende 'n positiewe verskil in die lewens van leerders te maak.







PSOS

Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Wie is ons?

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie.

Wat doen ons?

Die PSOS ondersteun die skool finansieel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.

Hoekom doen ons dit?

Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, besighede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.

Woolworths My Difference

Woolworths MySchool verander na MyDifference

Die afgelope 18 jaar het ons hard gewerk om ons Woolworths MySchool ondersteuners op te bou. Met hierdie verandering gaan ons die volgende verloor:

- Al ons huidige ondersteuners
- ‘n Belangrike maandelikse bron van inkomste
- Baie ure se harde werk

Ons vra dus dat u asb. sal herregistreer:

1. **Laai die Woolworths toep af**
2. **Kliek op “Loyalty – Causes”**
3. **Kies “Paarl School Brackenfell”**

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning!

Baie dankie aan elke persoon of instansie wat ons die afgelope kwartaal ondersteun het. Ons waardeer elke donasie, Pick-a-Pearl borgskap, loslitdagplakker wat gekoop is en elke woord van aanmoediging.

Ons wil veral graag elke NG-gemeente in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap wat ons al vir soveel jare ondersteun, dankie sê. Ons waardeer hierdie gemeenskap van omgee ongelooflik baie.



Maak jou besigheid sigbaar!

Wil jy jou besigheid in die kollig plaas én terselfdertyd Paarl-skool ondersteun?

Adverteer in ons volgende Paarl-skool nuusbrief en kry jou besigheid voor die oë van ons gemeenskap van ouers, personeel en ondersteuners.

Advertensietariewe:

- **A6-advertensie – R350**
- **A5-advertensie – R500**

Vir meer inligting kontak Elizbè by psos@paarlskool.org.za.



Loslitdag 2026

Loslitdag, die Nasionale Raad vir persone met gestremdhede se fondsinsamelings en bewustheidsveldtog is op Vrydag 4 September 2026 by Paarl-skool gevier. Ons waardeer elke persoon, skool en besigheid wat vir Paarl-skool met hierdie projek ondersteun het!

Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met **Woolworths My Difference** kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die “swipes”!
Baie dankie vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.

Klik om te registreer

School-Days

MY DIFFERENCE W GET BACK GIVE BACK



Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skoolstories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Klik om te volg



Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skoolleerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.

MEMO

Korporatiewe donasies

Die PSOS is ‘n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.


Pick-a-Pearl



Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.

Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien ‘n lekker geldjie hiermee!



Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se webwerf!

https://www.paarlschooldf.com/

Klik vir webwerf

Kontakbesonderhede

Martie Wilmot:
ontwikkeling@paarlskool.org.za
Elizbè van der Colff:
psos@paarlskool.org.za
021 981 3756
071 972 2967

Paarl Skool School
Ontwikkelingstigting
Development Foundation